
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

JESUS ONS PAASLAM

DIE PESACH FEES -PAASFEES

Hierdie fees het God self ingestel en Sy Seun het dit volkome vervul en daarom kan ons dit sonder voorbehoud, met baie vreugde en dankbaarheid, vier. Dit is egter baie belangrik dat jy **Lev. 23 en Num. 28 en 29 en Deut.16** sal lees voor jy hierdie artikel lees. Volgens die Bybel is die PAASFEES-seisoen in drie feeste onderling verdeel:

(a) Paasfees: Lev.23:5: In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die Here; (b) Fees van ongesuurde brode: Lev.23:6: en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die Here; sewe dae lank, moet julle ongesuurde brode eet.

(c) Fees van die eerstelinge: Lev.23:10: Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle; as julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelinggerf van julle oes na die priester bring.

Hierdie FEES SEISOEN word ook genoem die "Seisoen van Vrymaking en die Seisoen van Vreugde." Albei hierdie benamings hou natuurlik verband met die Hebreërs se verlossing uit Egipte gedurende die maand Nisan (Maart – April). Dis baie belangrik dat jy Ex. 12:1 – 14. 43- 48 lees.

Kom ons nou by die opdragte wat God daardie eerste PAASFEES of PESACH aan die Hebreërs gegee het toe Hy hulle uit die slawerny van Egipte gelei het.

1. Elke man moes vir sy huisgesin 'n lam neem op die 10 de van die maand Nisan. Dit moes 'n lam wees sonder gebrek (Ex. 12:3 – 5).

2. Hierdie lam moes vir 5 dae bewaar word waartydens daar seker gemaak is dat hy sonder gebrek was – hy moes deeglik ondersoek word (Ex. 12:6).

3. Op die 14 de Nisan moes hierdie lam by die deurpos geslag word: verkieslik om 3 nm sodat dit teen 6 nm (die aanvang van die 15 de) geëet kon word (Ex. 12:6).

4. Hierdie bloed moes opgevang word by die deurpos en die bloed moes gestryk word aan die bo – pos en die twee sy – poste van die deur. Met ander woorde die hele ingang tot die huis moes bedek wees met die bloed van die lam (Ex. 12:7). (Nooit aan die onderste pos nie want dan sou hulle op die bloed trap)

5. Die huisgesin moes dan deur hierdie deurpos gaan binne – in die huis, waar hulle beskerm was teen die doodsengel wat deur die land sou trek. Wanneer die doodsengel die bloed sien, sal hy daar VERBYGAAN (PASS-OVER) (Ex. 12:13).

6. Die hele lam moes gebraai en geëet word: niks mag oorgebly het vir die volgende dag nie (Ex. 12:8 – 10).

7. In die voorbereiding van die lam, mag geen van sy bene gebreek word nie (Ex. 12:46). Om 'n lam te kon braai volgens hierdie voorskrifte, was dit nodig dat 'n lam aan 'n spit geplaas sou word sodat die liggaam oopgesprei kon wees: Die spit sou noodwendig in die vorm van 'n kruis wees.

8. Geen onbesnede persoon kon aan die pasga deelneem nie (Ex. 12:48). Besnyding was die uiterlike teken dat hierdie persoon in God se verbond is – 'n bloedverbond. Hy was nou ook geregtig op die voordele van die verbond.

Nadat die tempel gebou was in Jerusalem het die mense die lammers na die tempel gebring en daar geslag in plaas van by hulle eie deurposte. Nog later het die Leviete lammers geteel in Jerusalem en hulle dan tydens pasga verkoop aan diegene wat opgekom het om die fees te hou.

'n Laaste gedagte hier is dat die PAASFEES ook 'n tyd was van groot vreugde en aanbidding en lof aan God. Die Leviete het die feesgangers gelei om die psalms van Dawid te sing (bv. Ps. 113 tot Ps. 118). Baie musiekinstrumente is gebruik: trompette, harpe, fluite, tamboeryne, simbale.

Nou kom ons by *die wonderlikste aspek* van hierdie fees, nl. HOEDAT JESUS DIT IN DIE FYNSTE BESONDERHEDE VERVUL HET AS DIE VLEKLOSE LAM VAN GOD! Johannes sê:

Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! [Joh. 1:29]

Kom ons hanteer dit weer in numeriese orde.

1. Op die 9 de Nisan het Jesus na Betanië gegaan (Joh. 12:1) en Jerusalem binnegegaan op die 10de Nisan (Joh 12:12 – 13).

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus ons Paaslam…)

2. Die godsdienstige leiers van Israel het 5 dae lank vir Jesus as't ware "ondersoek" deur vrae en kruisvrae, en uiteindelik het die goewerneur Pontius Pilatus die volgende oor Jesus gesê: … **sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie [Joh. 19.:4]. Lees ook Matt. 21:23 – 27 en Matt. 23.**

3. Jesus Christus was gekruisig op die 14 de Nisan. Hy is om 9 vm aan die kruis gespyker en het die middag om 3 uur gesterf (Mark. 15: 25).

'n Interessante feit is hier dat daar ongeveer 256,500 lammers in Jerusalem geslag was die jaar toe Jesus gekruisig is. Omdat daar so baie lammers was, was dit nodig vir die Jode om reeds 9 vm te begin om hulle voor te berei vir slagting op die 14 de Nisan. Toe was hulle geslag om 3 nm sodat die pasga voltooi kon wees VOOR 6 nm, wanneer die nuwe dag sou begin.

4 en 5: Die bloed van die dier wat gevloei het en aan die deurposte en koesyn gesmeer was, kon slegs die volk se SONDE BEDEK en red van 'n fisiese dood. Die Bloed van Jesus NEEM DIE SONDE HEELTEMAL WEG en red van die geestelike dood.

1 Pet. 1 – 18 – 21: …omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

maar deur die kosbare Bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.

6. Jesus het Homself TOTAAL oorgegee om vernietig te word deur die vure van oordeel van God, toe Hy aan die kruis vir ons sondes gesterf het.

Gewoonlik word 'n gekruisigde se bene net onder die knieë gebreek met 'n yster staaf om die dood te bespoedig wat voor 6 nm moes plaasvind, sodat die "lyk" van die kruis afgehaal kon word, anders sou daar volgens die Joodse geloof 'n vloek op die land kom. Maar nie een van Jesus se bene was gebreek nie. **Joh. 19:31 – 33: En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.**

Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;Maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle Sy bene nie gebreek nie.

Let ook op dat Jesus aan die kruis "oopgespalk" was net soos die paaslam op die spit.

Toe die tyd genader het dat Jesus moes sterf, het Hy opsetlik Sy program en persoonlike aktiwiteite gereël rondom die gebeurtenisse wat geassosieer word met die uitkies, voorbereiding en slagting van die paaslam. Op hierdie wyse sou die Joodse mense daartoe instaat wees om te verstaan WIE HY WAS: hulle PAASLAM, hulle Messias. Jesus was bestem om gekruisig te word in die presiese maand, op die presiese dag en uur waarop die Jode die paaslammers hanteer het vir bykans 1,500 jaar tydens hulle PASGA. Vir my persoonlik 'n heerlike Goddelike Wonderwerk!

Diegene van ons lesers wat bekend is met die inhoud van ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING weet ook dat die presiese gebeure van Jesus se dood reeds honderde jare gelede in die Ou Testament voorspel is – lees maar net Jes. 53 [bogemelde boekie gee volle besonderhede]. En hiermee word ook weereens die WONDER EN GODDELIKEHEID VAN DIE BYBEL bevestig. Wat die Bybel só uniek en goddelik maak, is die feit dat 'n derde van die Bybel uit profesieë bestaan en dat byna AL die in detail vervul was, en daarom kan ons verseker wees dat die RES ook in detail vervul sal word.

Volgens berekeninge het 'n profesie een uit 100,000 kanse om vervul te word na honderde jare in soveel detail. Vir meer as 4 of 5 profesieë om in soveel detail vervul te word is kanse meer as een uit 'n miljoen. Dink vir jouself hoe infinitief die kanse was vir dosyne profesieë wat vervul is met Jesus se Lewe en Kruisiging.

Geen ander godsdiens wat bestaan het hierdie unieke GODDELIKE BETRAGTINGE, nl die VERVULLING VAN PROFESIEë nie, en dit sluit in Islam, Hindoeïsme, Boedisme, om maar net 'n paar te noem.

Wat sê PAASFEES (pasga) vir my PERSOONLIK as 'n gelowige? Die Bybel sê dat ALMAL gesondig het en dat die straf vir die sonde, die DOOD is (Rom.3:23 en 6:23). Net soos met die Hebreërs in Egipte, kom die doodsengel ook aan ons deur klop, en as daar een ding is wat die meeste mense in gemeen het is dit die VREES vir die dood! Dan het die mens aan die anderkant ook weer 'n VREES VIR GOD [en nou bedoel ek nie die diepe eerbied en respek wat elke mens teenoor Sy Heilige Skepper behoort te hê nie]. Nee, die mens is bang vir God, want ons weet dat ons sondaars is en sonde het ons van God verwyder. Hy het dus die volste reg om ons te straf, daarom probeer ons Hom liewer ontduik. Ons kruip weg agter godsdiens, besigheid, sukses, materialisme, beroemdheid – ag, baie ou dingetjies. Solank ons maar net ons gemoed kan besig hou en nie met God moet rekening hou nie. Tog het ons GEEN VREDE nie! (Jes.48:2)

Maar, God se Liefde vir die mens is onbegryplik! Ons verdien tog niks meer as die dood nie, maar Hy het vir ons 'n uitweg gemaak deur die Bloed van Jesus Christus wat ons REINIG van alle sonde (1Joh.1:7).

Soos die Hebreërs van ouds die bloed van die paaslam aan die koesyne van hulle deure moes smeer, en daaragter vry kon wees van die doodsengel, só kan ons die BLOED VAN JESUS aan ons harte wend en vry wees van die dood. Ons vrees vir die dood is nie meer nodig nie, want deur Sy Opstanding uit die dode het Jesus die mag daarvan vir ons verbreek.

Heb 2:14-15 : Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.

1 Kor. 15:51-57: Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.Want

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Jesus ons Paaslam…)

hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?

Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde die wet.

Maar God Sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Dieselfde geld ook ten opsigte van ons VREES VIR GOD. Ons word met Hom versoen en hoef nie langer weg te kruip nie! Dit gebeur wanneer ons die Here Jesus Christus aanneem as die Lam van God wat gesterf het vir ons sondes: Hy is ons onskuldige plaasvervangende offer. God aanvaar Jesus se sterwe IN ONS PLEK. Jesus het in ons plek gesterwe.

Ef. 2:13: Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die Bloed van Christus.

Rom. 8:1: Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Joh. 5:24: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Watter wonderlike, bemoedigende Skrif! As ons dus Jesus Christus aanneem as ons Paaslam, ontvang ons VREDE met God. God wou Sy volk leer dat deur die hou van die PASGA hulle VREDE met God kon hê . Presies dieselfde geld vir sy Kinders van vandag: Jesus Christus bring vir ons VREDE MET GOD.

Rom. 5:1,8 en 9: Omdat ons dan uit die geloof (in Jesus Christus) geregverdig is, het ons VREDE by God deur ons Here Jesus Christus … maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy Bloed deur Hom gered word van die toorn.

So is hierdie dan die eerste ontmoeting wat plaasvind tussen 'n mens en God, wanneer die mens Jesus Christus aanneem as Sy Verlosser. Nou kry die mens VREDE met God en hierin lê die simboliek van die PAASFEES (pasga).

Ons het in Ex. 12:48 gelees dat geen persoon aan die pasga mag deel neem sonder dat hy besny was nie: **maar geen onbesnedene mag daarvan eet nie.** Die besnydenis was die uiterlike teken van die verbondsvolk van God, nl. Israel. Daarsonder was 'n vreemdeling nie in die verbond nie, en kon hy nie die seëninge van die verbond deelagtig word nie.

Tog lees ons dat God eintlik 'n baie intiemer iets van Sy volk verlang het, nl. 'n BESNYDE HART.

Deut. 10:16: Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie.

Jer. 4:4: Besny julle vir die Here en verwyder die onbesnedenheid van julle hart ….Jesus noem hierdie "besnydenis van die hart" die wedergeboorte.

Joh. 3:1-7: En daar was ''n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodemus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie. Jesus antwoord en sê vir hom: voorwaar, voorwaar ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodemus sê vir Hom; Hoe kan 'n mens as hy oud is , gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.

Dit gebeur wanneer ons Jesus Christus aanneem as ons Verlosser: ons word WEERGEBORE. Nou kroon ons Hom as die Here [Heerser] van ons lewens en deur Sy Heilige Gees kom woon Hy in ons, verander ons en word ons NUUT in Jesus Christus. Die fisiese besnydenis is dus slegs 'n simbool van die ware geestelike besnydenis. Jy kan gerus in die volgende tekste naslaan en sien hoe Paulus keer op keer die fisiese en geestelike besnydenis met mekaar vergelyk en die nuttelоosheid van die oue teenoor die noodsaaklikheid van die nuwe stel. Lees Filip. 3:3; Rom. 2:28-29; Gal 6:15 en 2 Kor. 55:17.

Dit is dus van kardinale belang dat jy hierdie vraag sal beantwoord, Geliefde, nl. IS JY WEERGEBORE? HET JY VREDE MET GOD? IS JOU HART BESNY? As jy kan antwoord: "Ja! Amen" dan roep ek uit: "Halleluja!" As antwoord "Nee!" of "Ek behoort aan 'n kerk en is daar getroud, maar is nie seker of ek weergebore is nie," kry ons boekie "Waarom Moet ek Weergebore Word?" Dit is belangrik sodat JY ook nie langer die dood hoef te vrees nie. Vir die wedergebore Kind van God is daar ook die wonderlike voorreg van die gereelde deelname aan die Nagmaal waaruit hy dan ook feitlik daagliks oorwinningskrag put. Op hierdie wyse word die PAASFEES vir God se kind nog 'n groter geseënde werklikheid.

1Kor 5:7-8 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is — want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid. □

DECIDE YOUR DESTINY

Today, you sit in the judgment seat, and you must decide concerning Jesus Christ. Is He the Son of God – or is He a shrewd charlatan? As a judge, you should weigh carefully all the evidence presented. Some of the most powerful evidence presented in any case is the eyewitness report. Peter declared he was an eyewitness of Jesus Christ:

For we have not followed cunningly devised fables, when we made known unto you the power and the coming of our Lord Jesus Christ, but were eyewitnesses of His majesty. For he received from God the Father honor and glory, when there came such a voice to Him from the excellent glory. This is my beloved Son, in whom I am well pleased. And this voice which came from heaven we heard, when we were with him in the holy mount. We have also a more sure word of prophecy; whereunto ye do well that ye take heed, as unto a light that shineth in a dark place, until the day dawn, and the day star arise in your hearts. Knowing this first, that no prophecy of the scripture is of any private interpretation. For the prophecy came not in old time by the will of man, but holy men of God spake as they were moved by the Holy Ghost (2 Pet. 1:16-21)

So we find the New Testament for the most part was written by the eyewitnesses of Jesus Christ. They wrote what they saw and heard. They have witnessed of His healing power and presented their depositions to us. They told of the works He did in healing the lame, opening the eyes of the blind, healing those who were deaf and dumb, straightening up crooked backs and even bringing back to life those who were dead.

They witnessed not only His healing power, but His power over nature. They saw Him turn water into wine and control the elements with His Word. They reported His commanding the raging wind and the waves of the sea to be calm, and they obeyed Him. They told us of His walking on the water. They also bore witness of His death and resurrection, teaching and declaring to them the power and glory of God. Peter told about actually hearing the voice of God from heaven saying: "This is my beloved Son, in whom I am well pleased." These men were eyewitnesses. They bore witness to what they saw and heard.

As the judge you must, of course, determine whether as witnesses they are competent. Are they reliable in what they have declared? Someone has said, "You can't really believe their witness, because most of them were fishermen, and you know what liars fishermen are!" However, it is interesting that one of these

(Continued on page 5)

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

(Continued from page 4 - Decide your Destiny))
fisher-men recorded his own witness of how he and the others had gone out and fished all night and caught nothing. He didn't even tell about the one that got away, but frankly confessed all their fishing efforts were futile.

Perhaps the whole thing is collusion. Perhaps they got together, sat down and carefully rehearsed their story. They repeated it over and over to one another, questioned and examined one another until they were sure they all had the same story and had it tight. Then they went out and began to declare the story, a carefully-concocted fable. But Peter declared, "We have not followed cunningly devised fables when we made known unto you the power and coming of our Lord Jesus Christ, but were eyewitnesses of his majesty." He denied its being collusion or a carefully concocted story, but he declared it was truth, that he was an eyewitness of it, that he saw it and heard God's voice confirming what they had come to believe: that Jesus indeed was the Messiah, the Savior of the world, the Son of the living God.

Now if it were a carefully concoted fable, do you believe that all of them would have died defending its truth? You would have thought at least one of them would have broken under the strain of the threat of death. In fact, even Satan declared "Skin for skin, yea, all that a man hath will he give for his life" (Job 2:4). This was his philosophy of man: that life is more important than anything else, and that al a man has, he will give for his life. If this indeed is true, then you would think one of these men would have broken under the strain of the threat of death and would not have suffered the torture and pain of crucifixion upside down or being dragged through the streets, stoned, and beaten. Surely one of them would have cracked under the strain, confessed the hoax and spared his own skin, But to a man, with the exception of John, who died a natural death, they died for the story they declared – that Jesus was the Messiah, the Son of God, and was risen indeed from the dead.

Actually, as eyewitnesses, their witness is very powerful evidence concerning Jesus Christ: that He is the Savior of the world, the Son of God, and God in the flesh.

THE LAW OF COMPOUND PROBABILITY

Peter, although he was one of the eyewitnesses, does not ask that you just believe His testimony. He declares we have even stronger evidence than eyewitnesses. He said we have the "more sure word of prophecy" (2 Pet. 1:19). For over a thousand years, holy and godly men had been wanting those inspirations from God that came to their hearts. As they wrote, they told of one whom God would send, and He would be the Savior of the world. They wrote of where He would be born, of the circumstances which would surround His birth, of the things which would transpire through His life. They even wrote of His death and the kind of death He would suffer. They wrote of His resurrection.

Examining the records of these holy men of God, we find over 300 stipulations about the Messiah and the things He would accomplish and fulfill in His birth, life, death, and resurrection. It would be fair to ask, "What chance would there be of any one person coming along and fulfilling all 300 of the stipulations laid out by these holy men who wrote over a period of a thousand years of the coming Messiah?" Is there any way to determine the chance factors of these over 300 prophecies being fulfilled by one man?

On what basis do we examine the evidence of prophecy? There is a scientific law known as the "law of compound probability," whereby you can accurately determine the chance factors of any particular prophesied event taking place. The more details added to the predictions, the greater the chance of it not happening. With some 300 details given, the chance factor becomes astronomical.

For instance, Micah 5:2 says Christ would be born in the city of Bethlehem. What is the chance of a single individual being born in Bethlehem? That's easy to determine. Take the average population of Bethlehem since the time of the prophecy, about 725 B.C. and it turns out to be 7,000. Now compare it with the average population of th earth. The average population of the earth has been about 700 million. Divide the one from the other, and you find there is one chance in 100,000 of being born in Bethlehem.

Mal. 3:1 says there would be a forerunner who would go before Christ to prepare His way. How many men have had a forerunner go before them and prepare the hearts of the people to receive them? I don't know of any, but lets say on in 1,000.

Zech. 9:9 says Christ would make His triumphant entry into Jerusalem on a donkey. How many of the great rulers in history made their triumphant entries on donkeys? I don't know of any other, but let's just say on in 1,000 – keeping it conservative. If you're going to make a triumphant entry, you'd want a white stallion or a chariot – not a donkey!

Zechariah said, "Behold, thy king cometh unto thee; he is just, and having salvation; lowly, and riding upon as ass, and upon a colt, the foal of an ass." Also Zechariah said He would be betrayed for 30 pieced of silver by a friend. How many men in history were betrayed for 30 pieces of silver by a friend? Again, keeping the estimate very low, let's say one in 10,000.

Zec. 11:13 said they would use the 30 pieces of silver to buy a potter's field. How many men have been betrayed for 30 pieces of silver which was later used to buy a potter's field? Let's say one in 100,000. I don't know of any others in history.

Is. 53:7 says although He was innocent, He would make no defense. How many innocent men brought before the court refuse to answer in their own defense? If you are innocent and you're being accused falsely, you cry to heaven about it. You want everybody to know, and that would be the natural reaction. So let's say one in 10,000.

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Decide your Destiny)

Ps.22 said they would pierce both His hands and His feet. On an average, how many men could you find with both hands and feet pieced? Let us again assume one in 10,000.

By multiplying these chance factors according to the law of compound probability, how many men would you need to find to get the one who could fulfill these eight requirements or stipulations? By making these conservative estimates, the number of men you would actually need would be 10, followed by 27 zeros, or 10 to the 28th power. It would take that many men before you could find one who could have fulfilled by accident these eight stipulations with their conservative estimates. We need to subtract the total estimated population factor of 10 to the 11th power. That makes your chance factor one in 10 to 17th power.

IMAGINE DIVING INTO A PILE OF SILVER DOLLARS

If you had enough silver dollars, you could cover the entire state of Texas two feet thick. Texas is a big state! If you could mark one of those silver dollars and let someone roam through them blindfolded, his chance of coming up with that marked silver dollar would be the same chance that one person could come along and fulfill the eight requirements laid out in these prophecies. But there were not just eight stipulations; there were over 300! What chance would there be of one man fulfilling, say, 16 of the requirements?

Assuming the chance factors would be fairly equal on the next eight prophecies you considered, you would now have one chance in 10, followed by forty four zeros or 10 to the 45th power, which is a number so vast that if you had that amount of silver dollars, you could make a ball of silver dollars which would extend 30 times farther than the distance of the sun from the earth. Could you imagine marking one of these silver dollars and letting some fellow dive into them blindfolded with his scuba gear and swim around in this ball of silver dollars which extended 30 times farther than the sun? Can you imagine him in exhaustion, grabbing one of the silver dollars? His chance of grabbing the one you marked would be the same chance that Jesus, by accident, could have come along and fulfilled the 16 requirements. He fulfilled over 300!

Let's take 48 requirements. Now the number jumps to one chance in 10, followed by 157 zeros, a number so vast out minds can't really conceive it. There's no way you could make balls out of silver dollars even if you had the silver dollars necessary to make them. The universe is just too small. One of the smallest things we know is an electron. If you could place 2 ½ quintillion electrons single file, they would only reach one inch. This would equal 2 ½ times 10 to the 15th power. If you tried to count these electrons, it would take you 19 million years counting day and night at the rate of 250 per minute. Imagine how many electrons you would have in a one-inch cube of electrons! You'd have 2 ½ quintillion. To count them would take you 19 million years times 19 million years times 19 million years.

If you had 10 electrons to the 157th power, you could make a solid ball the estimated size of our universe – six billion light years in radius. In fact, if you could go into mass production and start producing these balls at the rate of say 500 per minute you could go on making them for the six billion years it is estimated this universe has been around. You could do that 10 followed by 10 zeros many times over. Imagine marking one of these electrons and letting someone dive into the pile. It makes no difference which pile. His chance of coming up with the one you marked would be the same chance factor that on person could come along and fulfill the 48 requirements in the prophecies. But Christ fulfilled over 300. That is why Peter said: I was an eyewitness. I saw it! I heard it! But there is something more sure that what I've seen and heard – evidence stronger than eyewitness evidence. There is the evidence of God's sure word of prophecy fulfilled by Jesus Christ.

IT'S TIME FOR YOUR VERDICT

Your decision concerning Jesus Christ determines your destiny. All of a sudden though you sit as judge, you find you are the one who is being judged by your own decision. Your decision does not determine His destiny or His future! What He is, He is whether you believe it or not. Your eternal destiny is being decided

It is time for your verdict. I have placed the evidence before you, Now it is your decision. What will you do with Jesus who is called the Christ?

(Christ for the Nations) □



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in die Here Jesus,

Ons dien 'n groot God! **Jer 10:13: As Hy sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel; en Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde; Hy maak bliksems vir die reën en laat wind uitgaan uit sy voorraadskure.**

Lees ook **Jer 10:12: Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand.**

Dit is wanneer 'n mens van hierdie wondere lees dat jou gemoed stil word, want jy besef opnuut dat jy te doen het met 'n WONDERLIKE ALMAGTIGE GOD.

Job het hierdie almag van sy skepper waardeer: **Hy wat berge versit sonder dat hulle dit merk; wat hulle omkeer in sy toorn; wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit; wat alleen die hemel uitspan en stap op die golwe van die see; wat groot, ondeurgrondelike dinge doen en wonders sonder getal. (Job 9:5,7,8,10)**

Dawid, die man na die hart van God het Hom juis op hierdie wyse geloof vir Sy Grootheid.

Loof die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed— wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek; wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel, wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars. (Psa 104:1-4)

'n Kosbare broer in die geloof het met ons sy wonderlike getuienis gedeel wat net die grootheid en mag van ons woderbare God wat ons dien weereens bevestig. Hy is gister, vandag en more dieselfde, Hy sal nooit verander nie, Hy doen steeds elke dag wonderwerke om sy kinders te wys wat 'n wonderbare God hulle dien.

Hy sê dat sy famielie Nuwe Jaar deurgebring het op sy skoonpa se plaas in Limpopo, toe hy en sy 9 jarige seun op 'n bankie sit en uitkyk op 'n leë dam van 3km lank, 500m breed en 18m diep. Hy en sy seun het begin lag toe hulle 'n bordtjie lees langs die stof droeë dam wat sê, "Swimming at own risk". Maar dadelik het hy besef dat hy eerder moet bid as om te lag. Hy deel toe met sy seun dat die dam 13 jaar gelede laas vol was en dat dit so helder in sy gedagtes en hart was omdat dit die plek was waar hy en sy mamma op die water gevaar het op 'n boodtjie en hy haar gevra het om te trou. Die dam was vol en daardie dag was pragtig en dit was sekerlik 'n dag om te onthou want sy mamma het die huweliks verbond aanvaar.

Van daardie dag af het die dam net leër geword en hulle het net nooit weer die vreugde gehad om die dam weer so vol te sien nie. Hy en sy seun het toe gebid en hulle begeerte aan die Here om die dam weer vol te sien voor Sy koms bekend gemaak. Pa en seun het ooreengestem in gebed en sy seun so vol geloof het deur die res van die tyd wat hulle op die plaas gespandeer het net bly spreek: "ek sien die dam vol!, ek sien die dam vol! Wel die Here het die seun se geloof gesien en binne 3 weke het die pa 'n oproep ontvang van sy skoonpa dat die dam vol is. Die wonderwerk het plaasgevind en wat dit nog soveel meer bevestig het was dat die dam nie uit die rivier wat hom voed vol geword het nie maar slegs uit sytakke. Dit was so geloofs versterkend vir die pa en sy seun. Die water het tot teen die "Swim at own risk" bordtjie opgestoot. Prys die God van wonderwerke!

Dit is hierdie selfde GROTE GOD wat met jou en my bemoeienis maak en ons elke dag versorg en beskerm! Ons het dus nie een enkele rede om swaarmoedig te wees nie, maar laat ons Hom loof en prys en dank en Sy goedheid geniet en waardeer !

Hier by ons het milde reën geval sedert die middel van September en die wêreld lyk pragtig. Ons vertrou dat die boere ook hierby gebaat het, en dat die binneland ook genoeg reën sal kry om in hulle behoeftes te voorsien God is goed! Mag Hy ook Sy geestelike reën op ons almal uitstort.

Dankie vir jul gebede, liefde en julle ondersteuning vir die verspreiding van die Evangelie wat ons aanhou om te doen deur Sy genade en onder Sy leiding. Die tekens van die tye dui die uiterste dringendheid aan om verlore siele te red. En dit is ons doelwit, ons einddoel en ons opdrag so lank as ons nog asem het **... sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het.... (Hand. 20:24).** Dankie dat julle dit vir ons moontlik maak om aan te gaan – julle ewige beloning wag op julle!

Wees verseker van ons liefde en gebede,

Baie liefde groete,

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van

Ek wil 'n groot getuienis gee. EK het 'n gebedsversoek aan u gestuur en gevra om te bid vir die vreeslike pyn wat ek in my hak gehad het. Die dokter het pille gegee en gesê ek sal moet opgeneem word in 'n hospitaal, sodat hulle 'n inspuiting kan doen. Ek wou nie gaan nie, en het aan u geskryf. Die pyn het heeltemal verdwyn, dit is seker al 2 jaar, nog nooit weer pyn gevoel en al die dank en prys aan ons Hemelse Vader. Dankie vir u gebede.

Mev J Botes, Pretoria

Ek het 'n vreeslike pyn agter my linkerblad gekry, soveel so dat ek nooit 'n oog toe gemaak het nie. Ek het die Sentrum gebel en gevra vir gebed. Chantal sê toe dat dokter die volgende oggend sal bid. Daar was nog geen beterskap die volgende dag, maar net geweldig pyn. Ek het vir x-strale gegaan en die bevinding van die radioloog was dat daar 'n letseltjie aan een van my rugwerwels sit wat teen 'n spier druk, en wat die pyn veroorsaak. Toe ek by die huis kom, bel ek dadelik die Sentrum, en julle het gesê dat dokter die volgende oggend sal bid. Ses uur die aand is die pyn weg tot vandag toe. Ek moes vir MRI gaan, maar het nie gegaan nie, ek vertrou volkome op gebed, want Jesus Christus is ons Geneesheer. Groete en die Heer seën julle almal.

Mnr Gert Pretorius, Bellville

Baie, baie dankie dat u en almal by die Sentrum saam met ons bid. Verlede jaar het ek aan u geskryf en gevra dat u saam met ons moet bid i.v.m. ons finansies. Ons het ook ons voertuig verloor, maar ons Hemelse Vader was getrou en genadig Hy het ons gebede beantwoord. Die jaar het skaars begin en ons salaris het vier dubbeld vermeerder en ons het 'n voertuig persent gekry. Prys ons Hemelse Vader!!

Mev D Venter, Uitenhage

Ek wil graag alle eer en dank aan die Here gee vir my genesing. Ek was toe weg vir my uitslae. Prys die Here! Toe Prof. met my biopsie uitslae kom, sê hy vir my, "Jy is skoon." U weet ek spring net daar in die spreekkamer, en sê net "Dankie, baie dankie Here!!" Toe kan ek net alle prys aan Hom gee. Ons kan net dankie sê aan die Here Jesus, want dis Sy Genesende Hand wat die wonderwerk verrig het. Dan wil ek ook baie dankie aan julle toewys by die Sentrum vir al julle ondersteuning en gebede wat uitgegaan het. Dankie dat julle altyd daar is vir ons versoeke en te bid daarvoor. God seën u en die Sentrum.

Mev G du Preez,

Ek wil aan almal by die Sentrum sê dankie vir julle voorbidding. In Desember het ek gevra vir voorbidding, dat ek sal ophou rook. Ek prys die Here en gee Hom al die eer!! Hy het my gelei tot by die doopbad, en het my skoon gewas. Die Here het my verlos van die sigarette. Die Here is my Herder, my Vader en Leidsman. Ek het ook November gevra vir voorbidding vir my twee seuns en my vriendinne se kinders vir die eindeksamen, en weereens het die Here Sy Genadige Hand oor ons gehou. Die kinders het almal geslaag. Dankie Here! Waarlik Here Jesus lewe, en wonderwerke gebeur vandag nog, want ons aanbid die Magtigste God!

Mnr C Jooste, Durban

Ongeveer 'n maand gelede het ek aan u geskryf om vir my te bid vir 'n maag probleem wat ek omtrent vir 'n jaar aan gely het. Dit is wonderlik om te kan getuig dat die Here my aangeraak het. Die Here is getrou en Hy is nog dieselfde, gister, vandag, en tot in alle ewigheid. Prys Sy Naam. Ek bid vir u en u helpers, mag die seën van die Here op u bediening rus. My gebed is dat die vrede van die Here wat alle verstand te bowe gaan u hart en u sinne bewaar, in Christus Jesus. Nogmaals baie dankie.

Mev T Bezuidenhout, Kaapstad

Baie, baie dankie vir die gebede saam met ons. Nadat ek vreeslike hoofpyne gekry het en elke dag so 'n drukking op my kop en in my nek, het ek vir julle 'n faks gestuur om saam met my te bid, ek het elke dag net die Here geprys en dankie gesê dat ek gesond is, dit het verdwyn soos dit gekom het, baie dankie vir julle gebede. God seën julle vir die werk wat julle doen.

Mnr S Marx, Plettenbergbaai